**YeboYethu Beperk**
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 2008/014734/06)
("YeboYethu")

**Vodacom Groep (Eiendoms) Beperk**
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registrasienommer: 1993/005461/07)
("Vodacom")

# Uitslag van die YeboYethu publieke aanbod

1. **Inleiding**

Vodacom en YeboYethu maak met genoeë bekend dat die publieke aanbod ("Publieke Aanbod") vir YeboYethu gewone aandele ("Aandele" of elk 'n "Aandeel"), wat op 11 September 2008 gesluit het, 'n klinkende sukses was. Die Publieke Aanbod het 102,531 geldige aansoekers gelok en is bykans drie keer volskryf.

2. **Uitslag van die Publieke Aanbod**

Lede van die swart publiek, swart beheerde groepe en Vodacom se swart sakevennote (gesamentlik "Swart Deelnemers", wat kwalifiserende Swart, Kleurling, Indiër en Sjinese mense insluit) is ingevolge 'n prospektus ("YeboYethu-prospektus") genooi om aansoek te doen vir 14.4 miljoen Aandele:

- 102,531 geldige aansoeke vir 'n totale bedrag van R946 miljoen is ontvang;
- 86% van geldige fondse ontvang was van swart individue, met 14% van swart beheerde maatskappye;
- 49% van geldige individuele aansoeke is van swart vroue ontvang; en
- Bykans 60% van die geldige aansoekers het aansoek gedoen vir die minimum inskrywing van 100 Aandele en sal 100% van hul geldige aansoekbedrag ontvang.

Die uitslag van die Publieke Aanbod word in die tabel hieronder opgesom:

| | Getal geldige aan-soekers | Geldige bedrag waarvoor aansoek gedoen (R'miljoen) |
|---|---|---|
| Swart individue: | 100,474 | 809.1 |
| – Vroue | 48,977 | 318.5 |
| – Mans | 51,497 | 490.6 |
| Swart groepe: | 1,915 | 122.8 |
| – 100% swart vroue | 406 | 8.4 |
| – 100% swart besit | 1,288 | 89.5 |
| – Ander swart groepe | 221 | 24.9 |
| Swart sakevennote | 142 | 14.1 |
| **Totaal** | **102,531** | **946** |

3. **Toekenningsgrondslag**

Om 'n breedgebaseerde aandeelhouding van YeboYethu te behaal, is Aandele toegeken deur gebruik te maak van 'n "onder-na-bo"-benaderingswyse om sodoende voorkeur te gee aan die aanvaarding, ten volle of gedeeltelik, van aansoeke vir kleiner hoeveelhede aandele oor dié vir groter hoeveelhede Aandele.

Voorkeur is gegee aan:

- Swart sakevennote;
- Swart vroue; en
- Swart groepe met 'n hoër persentasie swart vroue en swart eienaarskap en beheer.

Sakevennote het ingeskryf op ongeveer 566,000 Aandele, met die gevolg dat alle sakevennote hul volle toekenning sal ontvang.

Die minimum inskrywing vir die Publieke Aanbod was vir 100 Aandele van R25 elk. Ingevolge die algemene beginsels toegepas in die toekenningsproses vir aansoeke wat in aanmerking kom:

- Sal alle aansoekers wat in aanmerking kom die minimum hoeveelheid van 100 Aandele (R2,500) ontvang, wat Vodacom se doelwit om 'n ware breedgebaseerde bemagtigingstransaksie te behaal, onderstreep;
- Behalwe swart sakevennote, sal meer as 200,000 Aandele aan geen aansoeker wat in aanmerking kom toegeken word nie (R5 miljoen);
- Sal Aandele slegs toegeken word in hoeveelhede van 100 Aandele (R2,500); en
- Sal geen aansoeker wat in aanmerking kom minder as 10% ontvang van waarvoor hy aansoek gedoen het nie.

Behalwe as aansoeke gediskwalifiseer is vir redes omskryf in die YeboYethu-prospektus, is aansoeke aanvaar, ten volle of gedeeltelik, gebaseer op die beginsels beskryf hierbo.

4. **Terugbetalings**

Terugbetalings vir aansoeke wat nie in aanmerking kom nie, sal op of ongeveer op 13 Oktober 2008 begin deur oordrag van elektroniese fondse na elke geaffekteerde aansoeker se gespesifiseerde transaksionele bankrekening.

Bedrae wat terugbetaal moet word, sal rente dra bereken vanaf 11 September 2008 (sluitingsdatum) tot die datum van die terugbetaling teen 5% per jaar vir die eerste R1 miljoen en 7% per jaar vir bedrae wat R1 miljoen oorskry.

5. **Verwelkomingspak**

Soos verklaar in die YeboYethu-prospektus, sal die oorspronklike Aandelesertifikate uitgereik ten opsigte van die Publieke Aanbod deur die YeboYethu-oordragsekretaris teruggehou word om nakoming van die beperkings op verkoop en beswaring van die Aandele te verseker.

Inligting sal op of ongeveer op 13 Oktober 2008 aan alle aansoekers gepos word om hulle onder andere in te lig oor die status van hul aansoeke, insluitende die mate waartoe hul aansoeke aanvaar is, die getal Aandele wat aan hulle toegeken en uitgereik sal word en die bedrag van terugbetalings, indien enige, tesame met rente daarop.

Alle aansoekers kan die YeboYethu-oproepsentrum op 082 19326 of 0800 22 9326 met enige navrae skakel.

Midrand
9 Oktober 2008

www.vodacom.co.za www.yeboyethu.co.za

Korporatiewe regsadviseur vir YeboYethu en Vodacom

DLA CLIFFE DEKKER HOFMEYR

Aksepbank vir YeboYethu en Vodacom

RAND MERCHANT BANK
A division of FirstRand Bank Limited

Verslagdoenende rekenmeesters en ouditeure

Deloitte.
Deloitte & Touche
Geregistreerde Ouditeure

Aandele-aansoeke en verspreidingsagent

Post Office

Oordragsekretaris en aandele-administateur

LINK MARKET SERVICES

INCE